SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Limpopo

SAOU

Nuus-in-die-Branding

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 086 670 3795 saoulim@saou.co.za www.saou.co.za

3 Augustus 2015

NUUS IN DIE BRANDING 18 / 2015

SAOU (LIMPOPO) BESOEK NUUT AANGESTELDE LUR VIR ONDERWYS
SAOU (LIMPOPO) VISITS NEWLY APPOINTED MEC FOR EDUCATION

Die nuutaangestelde LUR vir Onderwys in die Limpopo provinsie het die SAOU (Limpopo) afvaardiging te woord gestaan op 22 Julie 2015. Tydens hierdie geleentheid is verskeie knellende sake wat ons lede direk raak aangespreek, onder andere die trae vulling van vakante poste, agterstallige betalings van verskeie byvoordele en selfs salarisse, advertering van vakante poste op alle vlakke, en die LDvO se hantering en interpretering van Kollektiewe Ooreenkomste en Beleide. Mnr Kgetjepe, self 'n onderwyser op sy dae, blyk bereid te wees om met die SAOU (Limpopo) 'n pad te stap en het kennis geneem van ons insette en het hom verbind tot spoedige terugvoer op ons gesprek. SAOU (Limpopo) beplan ook 'n opvolgbesoek aan hom vroeg in November 2015.

The newly appointed MEC for Education in Limpopo province met with the SAOU (Limpopo) delegation on 22 July 2015. During this visit, various matters were raised and discussed, all of which have a direct impact on the service conditions of many educators. Matters such as the sluggish filling of vacant posts, payment in arrears for various service benefits and even salaries, advertising vacant posts on all levels and the way the LDoE deals with and implements Collective Agreements and Policies. Mr Kgetjepe, a former educator himself, seems to be willing to work with the SAOU (Limpopo) and took cognizance of our inputs. He committed himself to providing feedback on the matters discussed. The SAOU (Limpopo) will secure a follow up visit with him for early November 2015.

Provinsiale Sekretaris/ Provincial Secretary: Wilma Henn – wilmah@saou.co.za - 083 407 5529
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger/ Fulltime Shop Steward: Antoon Coetzee – vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Provinsiale Admin Assistent/ Provincial Admin Assistant: Ohnie Ferreira – ohnief@saou.co.za - ☎012-436 0905

NUWE HOOFDE IN ONS PROVINSIE
NEW PRINCIPALS IN OUR PROVINCE

Die volgende persone is aangestel as hoofde na die mees onlangse vakaturelys vir skoolhoofde:

Me Sonja Jordaan by Marken Ls
Me Adri Klopper by Soutpansberg Ls
Me Elke Esterhuizen by Toitskraal Ls
Me Lynn Peyper by Van Wykskraal Ls
Mnr Gideon Pelser by Pietersburg-Oos Ls
Mnr Louis Cilliers by Louis Trichardt Hs
Mnr Johan Minnie by Eric Louw Hs

Van harte geluk aan elkeen van bogenoemde persone! Mag daar vele seën op julle arbeid ervaar word.

The following people were appointed as principals after the most recent vacancy list for principals:

Ms Sonja Jordaan at Marken PS
Ms Adri Klopper at Soutpansberg PS
Ms Elke Esterhuizen at Toitskraal PS
Ms Lynn Peyper at Van Wykskraal PS
Mr Gideon Pelser at Pietersburg-Oos PS
Mr Louis Cilliers at Louis Trichardt HS
Mr Johan Minnie at Eric Louw HS

Congratulations to each and every one! May many blessings befall your hard work.

INLIGTINGSVERGADERING – 6 AUGUSTUS 2015
INFORMATION SHARING MEETING – 6 AUGUST 2015

Lede het vroeër hierdie jaar die geleentheid gehad om aan te dui of hulle die inligtingsvergaderings gaan bywoon. (Sien Nuus-in-die-Branding 11/2015) Daar is reeds twee baie suksesvolle vergaderings gehou, in Tzaneen en Polokwane (Pietersburg). Ons beplanning het aangedui dat die laaste vergadering van dié aard gehou gaan word by Laerskool Nylstroom op 6 Augustus 2015. Ons wil lede aanspoor om sover moontlik hierdie vergadering by te woon. Ons deel inligting rakende verlof- en pensioenaangeleenthede, asook alle nuwe inligting komende uit die onderhandelingskamer. Lede wat nog wil registreer, kan die registrasievorm invul wat deel uitmaak van NIB 11/2015 en sonder verwyl na ons terugfaks.

Members had the opportunity earlier this year to indicate whether they wanted to attend the information sharing meetings held across the province. (See Nuus-in-die-Branding 11/2015). Two very successful meetings were already held, in Tzaneen and Polokwane (Pietersburg). Our planning included a third and last meeting of this kind at Nylstroom Primary School on 6 August 2015. We want to encourage members to attend these meetings, if at all possible. We share information regarding leave and pension matters, as well as all new information coming from the bargaining council. Members who still want to attend the meeting on 6 August 2015, must complete the registration form attached to NIB 11/2015 and fax it back to us without delay.